BOHLWEKI ENVIRONMENTAL (PTY) LTD

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za

PO Box 1178
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

10 Maart 2006

Mnr. Leon Steyn
Eienaar: Plaas Kromdraai & Grootvallei
Posbus 11
Lephalale
0555

Geagte Mnr. Steyn

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE VIR DIE VOORGESTELDE NUWE STEENKOOL AANGEDREWE KRAGSTASIE IN DIE LEPHALALE AREA, LIMPOPO PROVINSIE**

U vergadering met Me. Ingrid Snyman, Me. Ashlea Strong en Mnr. J. Perold van Bohlweki Environmental op 7 Februarie 2006 het verwysing.

Agtergrondinligting rakende die projek en 'n gedetailleerde Omgewingsiimpakstudie (OIS) is aan u verskaf. U kommentaar rakende die voorgestelde projek, en spesifiek die verandering aan die padnetwerk is as volg genoteer:

- In terme van die veranderinge wat aan die plaaslike pad aangebring moet word is u van mening dat die noordelike opsie 'n meer geskikte opsie is a.g.v. die praktiese uitvoerbaarheid daarvan.
- Die beoogde kragstasie op die plaas Naauwontkomen, bring egter vir u, as eienaar van Kromdraai en Grootvallei geen voordeel nie.
- Die suid-ooste kant van u plaas Kromdraai se kamp- en lyndrade roes as gevolg van die suurreën. Die drade op die plaas Grootvallei roes egter nie.
- 'n Addisionele kragstasie sal die lugkwaliteit verder nadelig beïnvloed en dit het 'n negatiewe impak op u en u woning wat op Kromdraai geleë is. U is verder van mening dat dit 'n verdere negatiewe impak op die siektetoestand van u vrou kan hê.
- Die plase Kromdraai en Grootvallei is in 1961 as natuurreservaat geproklameer (Verwysing: Provincial Gazette, The Province of Transvaal: 15 March 1961: No. 2891, Vol CLXXVI). Die omgewingsimpakstudie moet dit in ag neem.

Directors: M R Maruma (Chairman) G A Moon (Managing) M J Freeman F M E Wibberley Ms T Harrington (Alternate)

SAACE

Bohlweki Environmental wil u bedank vir die tyd wat u beskikbaar gestel het om met die lede van die projekspan te vergader. Die inligting aan ons verskaf sal by die Omgewingsimpakstudie ingesluit word. Ons versoek u dus om die voorafgaande inligting te hersien om sodoende te verseker dat u kommentaar korrek genoteer word. Enige wysigings of korreksies moet aan die dokument aangebring word en verkieslik binne 14 dae aan Me. Ingrid Snyman by Bohlweki Environmental teruggestuur word.

Byvoorbaat dank

Me. Ingrid Snyman
Openbare Deelname konsultant